Uitgief.


BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Vrydag 26 Junie 1970** **WINDHOEK** **Friday 26 June 1970** **No. 3088**


**INHOUD**

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**


No. 75 Ordonnansie 1970: Uitvaardiging van . . . .


**CONTENTS** *Bladsy/Page*

**GOVERNMENT NOTICE:**


Ordinance 1970: Promulgation of . . . . . . . 737


## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word ter algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 75.] [26 Junie 1970

ORDONNANSIE 1970: AFKONDIGING VAN

NADEMAAL die ordonnansie wat by Goewermentskennisgewing 72 van 4 Junie 1970 afgekondig is as gevolg van drukfoute in die Afrikaanse teks nie die ordonnansie is wat deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied aangeneem is nie;

EN NADEMAAL slegs 'n ordonnansie wat deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied aangeneem is en waartoe die Administrateur of die Staatspresident toegestem het, ingevolge die bepalings van artikel 29 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968), hierna die Wet genoem, afgekondig kan word;

SO IS DIT DAT dit die Administrateur behaag om, ingevolge die bepalings van artikel 27 van die Wet, sy toestemming te verleen tot die volgende ordonnansie wat hierby ingevolge die bepalings van artikel 29 van die Wet afgekondig word in die plek van die ordonnansie wat by Goewermentskennisgewing 72 van 4 Junie 1970 afgekondig is.

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| No. 9 | Drankwysigingsordonnansie 1970 . . . . | 738 |

## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 75.] [26 June 1970

ORDINANCE 1970: PUBLICATION OF

WHEREAS the ordinance published under Government Notice 72 of 4 June 1970 is, because of misprints in the Afrikaans text, not the ordinance passed by the Legislative Assembly of the Territory;

AND WHEREAS only an ordinance passed by the Legislative Assembly of the Territory and to which the Administrator or the State President has consented may be published under the provisions of section 29 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), hereinafter called the Act;

NOW THEREFORE the Administrator has been pleased, under the provisions of section 27 of the Act, to consent to the following ordinance hereby published under the provisions of section 29 of the Act in lieu of the ordinance published under Government Notice 72 of 4 June 1970.

| *No.* | *Title* | *Page* |
|---|---|---|
| No. 9 | Liquor Amendment Ordinance, 1970 . . . . | 739 |

No. 9 van 1970.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Drankordonnansie 1969 (Ordonnansie 2 van 1969), ten einde die Direkteur te magtig om binneverbruikslisensies vir huisvestingsinrigtings uit te reik en te bepaal dat so 'n lisensie 'n restaurantdranklisensie vir 'n huisvestingsinrigting insluit; om die geldigheidsduur van sekere lisensies te bepaal; om te bepaal dat 'n lisensie nie in die naam van 'n maatskappy uitgereik mag word nie; om die bevoegdheid van die voorsitter om oor regspunte te beslis duidelik te stel; om die Administrateur se bevoegdheid in verband met 'n magtiging vir die oordrag van 'n lisensie duidelik te stel; om te bepaal dat die lisensiehouer by die verlening van 'n tydelike verplasing van 'n lisensie moet terugkeer na die oorspronklike perseel; om die bepalings ten opsigte van lisensies in verbode gebiede uit te brei; om groothandelaars te magtig om ook in drank handel te dryf; om die bepalings ten opsigte van die ure waarbinne drank bedien kan word te wysig; om die omstandighede waarbinne iemand anders namens die lisensiehouer sy besigheid kan dryf, te beperk; om eienaars van persele aanspreeklik te maak vir strukturele veranderings; om die bepalings ten opsigte van die oordrag van lisensies te wysig; en om vir aanverwante sake voorsiening te maak.

*(Goedgekeur op 22 Junie 1970.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 2 van 1969 soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 18 van 1969.

1. Artikel 1 van die Drankordonnansie 1969 (Ordonnansie 2 van 1969), hierna die hoofordonnansie genoem, word hierby gewysig —

(a) deur in die woordbepaling van „binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting" die woorde „uitgereik ingevolge 'n sertifikaat toegestaan kragtens artikel 76" deur die volgende woorde te vervang:—

„, insluitende 'n restaurantdranklisensie vir 'n huisvestingsinrigting, uitgereik ingevolge artikel 76";

(b) deur in die woordbepaling van „geslote dag" paragraaf (f) te skrap;

(c) deur na die woordbepaling van „Republiek" die volgende woordbepaling in te voeg:—

, „restaurantdranklisensie vir 'n huisvestingsinrigting" 'n restaurantdranklisensie ten opsigte van 'n huisvestingsinrigting uitgereik ingevolge artikel 76;'.

Wysiging van artikel 7 van Ordonnansie 2 van 1969.

2. Artikel 7 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woorde „besluit het" die volgende verdere voorbehoudsbepaling in te voeg:—

No. 9 of 1970.]

# ORDINANCE

To amend the Liquor Ordinance, 1969 (Ordinance 2 of 1969) in order to authorise the Director to issue accommodation establishment on-consumption licences and to provide that any such licence shall include an accommodation establishment restaurant liquor licence; to determine the term of validity of certain licences; to provide that a licence shall not be issued in the name of a company; to put clearly the powers of the chairman to decide on points of law; to put clearly the Administrator's powers in connection with an authorisation for the transfer of a licence; to provide that the licensee on the granting of a temporary removal of a licence shall return to the original premises; to extend the provisions in respect of licences in prohibited areas; to authorise wholesalers also to trade in liquor; to amend the provisions in respect of the hours within which liquor may be served; to limit the circumstances in which another person may conduct business in the name of the licensee; to make owners of premises liable for structural alterations; to amend the provisions in respect of the transfer of licences; and to provide for incidental matters.

*(Assented to 22 June 1970.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Amendment of section 1 of Ordinance 2 of 1969 as amended by section 1 of Ordinance 18 of 1969.

1. Section 1 of the Liquor Ordinance, 1969 (Ordinance 2 of 1969) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

(a) by the substitution in the definition of "accommodation establishment on-consumption licence" for the words "issued by virtue of a certificate granted in terms of section 76" of the following words:-

"including an accommodation establishment restaurant liquor licence, issued under section 76";

(b) by the deletion of paragraph (f) in the definition of "closed day";

(c) by the insertion after the definition of "accommodation establishment on-consumption licence" of the following definition:-

' "accommodation establishment restaurant liquor licence" means a restaurant liquor licence in respect of an accommodation establishment issued under section 76;'.

Amendment of section 7 of Ordinance 2 of 1969.

2. Section 7 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after the word "application" at the end of the section of the following further proviso:-

„: Met dien verstande voorts dat 'n lisensie verleen deur die raad tydens sy sitting in Februarie van enige jaar geag word hernieu te wees vanaf die eerste dag van April van daardie jaar teen betaling van die voorgeskrewe gelde: Met dien verstande laastens dat indien die registrasie van 'n huisvestingsinrigting gekanselleer word, enige binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting en enige buiteverkoopslisensie vir 'n huisvestingsinrigting uitgereik ten opsigte van sodanige inrigting van krag is slegs tot en met die datum van sodanige kansellasie".

Invoeging van artikel 9A in Ordonnansie 2 van 1969.

3. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na artikel 9 die volgende artikel in te voeg:—

„Lisensie uitgereik op naam van benoemde.

9A. Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie ordonnansie word enige lisensie waarom 'n maatskappy, genootskap, vennootskap of ander liggaam van persone aansoek doen, verleen aan en gehou deur 'n persoon benoem deur sodanige maatskappy, genootskap, vennootskap of ander liggaam van persone.".

Wysiging van artikel 10 van Ordonnansie 2 van 1969.

4. Artikel 10 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (1) na die woorde „geleë is" die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:—

„: Met dien verstande dat binneverbruikslisensies vir huisvestingsinrigtings uitgereik word deur die Direkteur";

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(2) (a) Die ontvanger van inkomste reik alle lisensies in vyfvoud uit. Een afskrif daarvan word aan die lisensiehouer oorhandig, een word gestuur aan die landdros van die distrik waarin die gelisensieerde perseel geleë is, een aan die polisie-offisier aangewys ingevolge artikel 115, een aan die Sekretaris van Statistiek, en een word deur die uitreikende gesag behou.

(b) Die Direkteur reik alle binneverbruikslisensies vir huisvestingsinrigtings in drievoud uit. Een afskrif daarvan word aan die lisensiehouer oorhandig, een word gestuur aan die landdros van die distrik waarin die gelisensieerde perseel geleë is, en een word deur die Direkteur behou.".

Wysiging van artikel 33 van Ordonnansie 2 van 1969.

5. Artikel 33 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woord „ordonnansie" die volgende voorbehoudsbepalings in te voeg:—

„: Met dien verstande dat so 'n aansoek nie toegestaan word nie ten opsigte van 'n lisensie wat tydelik na 'n ander perseel verplaas is ingevolge artikel 59: Met dien verstande voorts dat die raad 'n aansoek om die permanente verplasing van 'n buiteverkoopslisensie vir 'n huisvestingsinrigting oorweeg slegs indien 'n nuwe uitbreiding geproklameer is van die gebied van die plaaslike bestuur waarin die lisensie gehou word en aansoek om so 'n verplasing na so 'n uitbreiding gedoen word".

Wysiging van artikel 41 van Ordonnansie 2 van 1969 soos gewysig by artikel 10 van Ordonnansie 18 van 1969.

6. Artikel 41 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „maar wie se lisensie verstryk het" deur die volgende woorde te vervang:—

„maar wie se aansoek om hernuwing nie ingedien is nie binne die tydperke voorgeskryf in artikels 35 en 37".

": Provided further that a licence granted by the board during its sitting in February of any year shall be deemed to be renewed as from the first day of April of that year upon payment of the prescribed fees: Provided lastly that if the registration of an accommodation establishment is cancelled, any accommodation establishment on-consumption licence and any accommodation establishment off-sales licence issued in respect of such establishment shall be of force only until the date of such cancellation".

3. The principal ordinance is hereby amended by the insertion after section 9 of the following section:- Insertion of section 9A in Ordinance 2 of 1969.

"Licence issued in name of nominated person.

9A. Notwithstanding anything to the contrary contained in this ordinance any licence applied for by a company, society, partnership or other body of persons, shall be granted to and held by a person nominated by such company, society, partnership or other body of persons.".

4. Section 10 of the principal ordinance is hereby amended — Amendment of section 10 of Ordinance 2 of 1969.

(a) by the insertion in subsection (1) after the word "situated" of the following proviso:-

": Provided that accommodation establishment on-consumption licences shall be issued by the Director";

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:-

"(2)(a) The receiver of revenue shall issue all licences in quintuplicate. One copy thereof shall be handed to the licensee; one shall be sent to the magistrate of the district in which the licensed premises are situated; one to the commissioned officer of police designated under section 115; one to the Secretary of Statistics and one shall be kept by the issuing authority.

(b) The Director shall issue all accommodation establishment on-consumption licences in triplicate. One copy thereof shall be handed to the licensee; one shall be sent to the magistrate of the district in which the licensed premises are situated, and one shall be kept by the Director.".

5. Section 33 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after the word "ordinance" of the following provisos:- Amendment of section 33 of Ordinance 2 of 1969.

": Provided that any such application shall not be granted in respect of a licence temporarily removed to other premises under section 59: Provided further that the board shall consider any application for the permanent removal of an accommodation establishment off-sales licence only if a new extension is proclaimed of the area of the local authority in which the licence is held and application is made for such removal to such extension".

6. Section 41(1) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "but whose licence has lapsed" of the following words:- Amendment of section 41 of Ordinance 2 of 1969 as amended by section 10 of Ordinance 18 of 1969.

"but whose application for renewal was not submitted within the periods prescribed in sections 35 and 37".

Wysiging van artikel 47 van Ordonnansie 2 van 1969 soos gewysig by artikel 11 van Ordonnansie 18 van 1969.

7. Artikel 47 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woorde „moet daar" die woorde „, gelyktydig met die indiening van die aansoek," in te voeg.

Wysiging van artikel 55 van Ordonnansie 2 van 1969.

8. Artikel 55 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woord „verdaag" die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:—

„: Met dien verstande dat geen verhoor uitgestel en geen verdere verhoor verdaag word nie as gevolg van 'n beslissing deur die voorsitter ingevolge artikel 25".

Wysiging van artikel 57 van Ordonnansie 2 van 1969.

9. Artikel 57 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord en syfers „artikel 58" deur die woord en syfers „artikels 58, 64" te vervang.

Wysiging van artikel 58 van Ordonnansie 2 van 1969 soos gewysig by artikel 13 van Ordonnansie 18 van 1969.

10. Artikel 58 (2) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „Die Administrateur weerhou nie" deur die volgende woorde te vervang:—

„Behoudens die bepalings van artikel 64 weerhou die Administrateur nie".

Wysiging van artikel 60 van Ordonnansie 2 van 1969.

11. Artikel 60 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende paragraaf in te voeg terwyl die bestaande paragrawe nou onderskeidelik paragrawe (b) en (c) genommer word:—

„(a) om die verlening van 'n lisensie op 'n perseel in 'n verbode gebied,".

Wysiging van artikel 63 van Ordonnansie 2 van 1969.

12. Artikel 63 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woord „restaurantdranklisensie" die woorde „, buiten 'n restaurantdranklisensie vir 'n huisvestingsinrigting," in te voeg.

Wysiging van artikel 68 van Ordonnansie 2 van 1969.

13. Artikel 68 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woorde „aansoek om" die woorde „die verlening of" in te voeg.

Wysiging van artikel 69 van Ordonnansie 2 van 1969.

14. Artikel 69 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur die punt aan die einde van subartikel (1) (c) deur 'n kommapunt te vervang en die volgende paragraaf daarna in te voeg:—

„(d) kan 'n groothandeldranklisensie verleen of hernieu word in verband met 'n perseel waarop die lisensiehouer wettig handel dryf as 'n groothandelaar, mits die drank in 'n afsonderlike vertrek geberg word.";

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(2) By die toepassing van hierdie artikel word 'n perseel nie as afsonderlik beskou nie, as dit met 'n ander perseel onder dieselfde dak is en nie heeltemaal van hom geskei is nie deur 'n muur of mure waarin daar geen deur, venster, opening of ander verkeersweg met daardie perseel is nie.".

7. Section 47(1) of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after the words "there shall" of the words ",simultaneously with the submission of the application,".

Amendment of section 47 of Ordinance 2 of 1969 as amended by section 11 of Ordinance 18 of 1969.

8. Section 55(1) of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after the word "date" of the following proviso:-

": Provided that no hearing shall be postponed and no further hearing shall be postponed as a result of a decision by the chairman under section 25".

Amendment of section 55 of Ordinance 2 of 1969.

9. Section 57(1) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the word and figures "section 58" of the word and figures "sections 58, 64".

Amendment of section 57 of Ordinance 2 of 1969.

10. Section 58(2) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "The Administrator shall not withhold" of the following words:-

"Subject to the provisions of section 64 the Administrator shall not withhold".

Amendment of section 58 of Ordinance 2 of 1969 as amended by section 13 of Ordinance 18 of 1969.

11. Section 60(1) of the principal ordinance is hereby amended by the insertion of the following paragraph while the existing paragraphs shall now be numbered respectively paragraphs (b) and (c):-

"(a) for the grant of a licence on premises in a prohibited area,".

Amendment of section 60 of Ordinance 2 of 1969.

12. Section 63 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after the words "restaurant liquor licence" of the words "except an accommodation establishment restaurant liquor licence".

Amendment of section 63 of Ordinance 2 of 1969.

13. Section 68 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after the words "application for" of the words "the granting or".

Amendment of section 68 of Ordinance 2 of 1969.

14. Section 69 of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 69 of Ordinance 2 of 1969.

(a) by the substitution for the full stop at the end of subsection (1)(c) of a semi-colon and the insertion thereafter of the following paragraph:-

"(d) any wholesale liquor licence may be granted or renewed in connection with premises on which the licensee is legally conducting business as a wholesaler, provided the liquor is stored in a separate room.";

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:-

"(2) For the purpose of this section premises shall not be deemed to be separate if they are under the same roof as other premises and are not completely separated by a wall or walls having no door, window, aperture or other means of communication with those premises.".

Wysiging van artikel 70 van Ordonnansie 2 van 1969.

15. Artikel 70 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „mag hernieu word nie tensy die landdros" deur die woorde „of restaurantdranklisensie vir 'n huisvestingsinrigting mag hernieu word nie tensy die bevoegde gesag" te vervang.

Wysiging van artikel 72 van Ordonnansie 2 van 1969.

16. Artikel 72 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (2) —

(i) die woord „en" aan die einde van paragraaf (j) te skrap;

(ii) die punt aan die einde van paragraaf (k) deur 'n kommapunt te vervang en die woord „en" daarna in te voeg gevolg deur die volgende paragraaf:—

„(l) dat 'n lid toegelaat word om 'n gas of gaste na die klub te neem: Met dien verstande dat geen drank ingevolge die bepalings van hierdie ordonnansie aan 'n lid vir verbruik deur sy gas of gaste verskaf mag word nie tensy die naam en adres van die gas en die naam van die lid duidelik en onuitwisbaar aangeteken is deur die lid in 'n spesiale register wat die lisensiehouer soos voorgeskryf moet aanhou.";

(b) deur in subartikel (3) na die woorde „moet word" die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:—

„: Met dien verstande dat 'n eksemplaar van sodanige reglement enige aansoek ingevolge die bepalings van artikel 78 (3) moet vergesel".

Wysiging van artikel 75 van Ordonnansie 2 van 1969.

17. Artikel 75 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (3) na die woord en syfer „subartikel (1)" waar hulle die tweede maal voorkom, die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:—

„: Met dien verstande dat die raad by die oorweging van enige aansoek om 'n lisensie kragtens hierdie ordonnansie die belange van bestaande huisvestingsinrigtings sover moontlik in ag moet neem";

(b) deur in subartikel (4) die woorde „so 'n aansoek" deur die woorde „'n aansoek om 'n buiteverkoopslisensie vir 'n huisvestingsinrigting" te vervang.

Wysiging van artikel 76 van Ordonnansie 2 van 1969.

18. Artikel 76 van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:—

„Binneverbruikslisensies vir huisvestingsinrigtings.

76. (1) Die eienaar of, met die eienaar se toestemming, die bestuurder of iemand wat toesig of beheer het oor 'n huisvestingsinrigting (buiten 'n safari-onderneming) wat die uitreiking aan hom van 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting of die hernuwing, verplasing of oordrag van so 'n lisensie verlang, kan daarom by die Direkteur aansoek doen: Met dien verstande dat ten opsigte van 'n ruskamp of karavaanpark aansoek gedoen kan word slegs vir die uitreiking van 'n restaurantlisensie vir 'n huisvestingsinrigting of die hernuwing, verplasing of oordrag van so 'n lisensie.

15. Section 70 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "shall be renewed unless the magistrate" of the words "or accommodation establishment restaurant liquor licence shall be renewed unless the competent authority".

Amendment of section 70 of Ordinance 2 of 1969.

16. Section 72 of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 72 of Ordinance 2 of 1969.

(a) in subsection (2) —

(i) by the deletion of the word "and" at the end of paragraph (j);

(ii) by the substitution for the full stop at the end of paragraph (k) of a semi-colon and the insertion of the word "and" thereafter to be followed by the following paragraph:-

"(1) that a member is allowed to take a guest or guests to the club: Provided that no liquor shall, under the provisions of this ordinance, be supplied to a member for consumption by his guest or guests unless the name and address of the guest and the name of the member are entered clearly and indelibly by the member in a special register which the licensee shall keep as prescribed.";

(b) by the insertion in subsection (3) after the words "such affidavit" of the following proviso:-

": Provided that a copy of such rules shall accompany any application under the provisions of section 78(3)".

17. Section 75 of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 75 of Ordinance 2 of 1969.

(a) by the insertion in subsection (3) after the word and figure "subsection (1)" where they occur for the second time of the following proviso:-

": Provided that the board in considering any application for a licence under this ordinance shall take into consideration as far as possible the interests of existing accommodation establishments";

(b) by the substitution in subsection (4) for the words "any such application" of the words "an application for an accommodation establishment off-sales licence".

18. The following section is hereby substituted for section 76 of the principal ordinance:-

Amendment of section 76 of Ordinance 2 of 1969.

"Accommodation establishment on-consumption licences.

76. (1) The owner, or with the owner's consent, the manager or person in control or charge of an accommodation establishment (except a safari undertaking) who desires the issue to him of an accommodation establishment on-consumption licence or the renewal, removal or transfer of such licence may apply to the Director therefor: Provided that in respect of a rest camp or caravan park application may be made only for the issue of an accommodation establishment restaurant liquor licence or the renewal, removal or transfer of any such licence.

(2) By ontvangs van 'n aansoek waarna in subartikel (1) verwys word, moet die Direkteur in die voorgeskrewe vorm sodanige lisensie aan die aansoeker uitreik onderhewig aan sodanige voorwaardes en voorregte as wat hy na goeddunke mag oplê.

(3) Die houer van 'n geldige binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting kan, nie eerder nie as die tweede dag van Januarie en nie later nie as die een-en-dertigste dag van Januarie in enige jaar in die voorgeskrewe vorm aansoek doen by die Direkteur om die hernuwing van sodanige lisensie.

(4) Wanneer ook al 'n aansoek om die hernuwing van sodanige lisensie nie by die Direkteur ingedien word nie binne die tydperk voorgeskryf by subartikel (3) maar aldus ingedien word nie later nie as die vyftiende dag van Maart in daardie jaar, moet die Direkteur die lisensie uitreik by betaling deur die aansoeker van die som van twintig rand bo en behalwe die gelde uiteengesit in die Eerste Bylae van hierdie ordonnansie.

(5) Enige aansoek om sodanige hernuwing wat ingedien word na die vyftiende dag van Maart in enige jaar word geag te wees 'n nuwe aansoek om die uitreiking van 'n nuwe lisensie en sodanige lisensie word deur die Direkteur uitgereik by betaling deur die aansoeker van die som van twintig rand bo en behalwe die gelde uiteengesit in die Eerste Bylae van hierdie ordonnansie.

(6) Nieteenstaande enige andersluidende bepaling in hierdie ordonnansie maar behoudens die bepalings van hierdie artikel moet elke aansoek aan die Direkteur om die uitreiking van 'n nuwe lisensie of die hernuwing, verplasing of oordrag van 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting vergesel gaan van die gelde uiteengesit in die Eerste Bylae van hierdie ordonnansie.

(7) Geen binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting word uitgereik aan 'n persoon wat nie voltyds in so 'n inrigting werksaam is nie of nie kragtens die bepalings van hierdie ordonnansie vir die hou van enige dranklisensie kwalifiseer nie."

Invoeging van artikel 77A in Ordonnansie 2 van 1969.

19. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in hoofstuk XII onmiddellik voor artikel 78 die volgende artikel in te voeg:—

„Verbod op verkoop, verskaffing of aflewering van drank.

77A. Ongeag die bepalings van hierdie ordonnansie mag geen drank verkoop, verskaf of afgelewer word nie op enige dag waarop die verkoop, verskaffing of aflewering van drank verbied word ingevolge die bepalings van enige wet van die Republiek wat op die Gebied van toepassing is."

Wysiging van artikel 78 van Ordonnansie 2 van 1969 soos gewysig by artikel 16 van Ordonnansie 18 van 1969.

20. Artikel 78 van die hoofordonnansie word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) (b) (i) die woord „negenuur" waar dit die eerste keer voorkom deur die woord „agtuur" te vervang;

(b) deur subartikel (2) (f) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„(f) die houer van 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting wat nie kragtens die or-

